higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## KRIMINOLOGIE
### NKR VLAK 3

(8021023)

**10 Maart 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

380Q1S2010

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 100**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Hierdie dissiplines fokus op die studie van mense in hul daaglikse lewe:

A Sosiologie, sielkunde en maatskaplike werk
B Kriminologie, sosiologie en sielkunde
C Filosofie, sosiale en maatskaplike werk
D Kriminologie, sielkunde en maatskaplike werk

1.2 Die volgende dokument kan ook as 'n waardevolle inligtingsbron dien:

A Skoolverslae, strafverslae en sielkundige verslae
B Skoolverslae, strafverslae en woordeboek
C Nie een van die bostaande nie
D Al die bostaande

1.3 'n Persoon wat die uitwerking van misdaad op slagoffers bestudeer, staan bekend as 'n ...

A kriminoloog.
B sielkundige.
C viktimoloog.
D Al die bostaande.

1.4 Assesseringsverslae soos dié wat in gevangenisse gebruik word, bevat dikwels vertroulike inligting en word dus slegs aan die span beroepslui voorgelê, byvoorbeeld ...

A maatskaplike werkers en sielkundiges.
B sielkundiges, kriminoloë en die publiek.
C maatskaplike werkers en die publiek.
D Al die bostaande.

1.5 Depressie word gekenmerk deur emosies soos ...

A gevoelens van waardeloosheid en hartseer.
B wanhoop en frustrasie.
C A en B.
D Nie een van die bostaande nie.

Kopiereg voorbehou 

1.6 Diskriminasie of vooroordeel wat op ekonomiese klas gegrond is, staan bekend as ...

A seksisme.
B rassisme.
C homofobie.
D klassisme.

1.7 Faktore in 'n persoon se lewe wat hulle vatbaar maak vir misdaadviktimisasie, staan bekend as...

A slagofferkwesbaarheid.
B slagofferblamering.
C risikofaktore.
D viktimisasie.

1.8 Gedrag of 'n handeling wat veroorsaak dat iets vroeër gebeur of meer onverwags as wat verwag word:

A Geestesiekte
B Depressie
C Presipitasie
D Fasilitering

1.9 Amptelike misdaadstatistiek weerspieël slegs misdaadvoorvalle soos dit geïnterpreteer word:

A Staat
B Slagoffer
C Kriminoloë
D Viktimoloog

1.10 Programevaluering is 'n deurslaggewende komponent in die ontwikkeling van spesifieke misdaadvoorkomingsprogramme, omdat dit nie alleen die effektiwiteit van misdaadvoorkomingsprogramme assesseer nie, maar ook help met die ...

A beplanning en ontwikkeling van toekomstige misdaadvoorkoming-inisiatiewe.
B verwydering en ontwikkeling van toekomstige misdaadvoorkoming-inisiatiewe.
C Nie een van die bostaande nie
D Al die bostaande

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woorde in te vul. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| gevallestudie; teikenkwesbaarheid; modus operandi; versag; misdaad; kriminoloë |
|---|

2.1 'n Kriminoloog bestudeer ... en misdadige gedrag.

2.2 Om iets te ... is om dit minder ongenaakbaar, straf, of moeilik hanteerbaar te maak.

2.3 ... is die metode waarvolgens iets gedoen word, byvoorbeeld om 'n misdaad te pleeg.

2.4 ... behels die slagoffer, voorwerp of plek se swakhede, wat fisieke, emosionele en sielkundige swakhede insluit, en dit moeilik maak om hulle teen misdaad te beskerm. Dit maak van hulle sagte misdaadteikens.

2.5 ... volg 'n persoon se lewensgeskiedenis voor, tydens en ná die program om vas te stel of sy of haar deelname aan die groep gedrag verander het.

(5 × 1) **[5]**

## VRAAG 3

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Bevoegdheid | A | 'n ander groep wat 'n belangrike rol in sosialisering speel |
| 3.2 | Amptelike dokumente | B | die teiken se eienskappe kan die risiko's van viktimisasie verhoog, omdat dit emosies soos jaloesie, woede en gierigheid in die oortreder aanwakker |
| 3.3 | Teikenvyandigheid | C | kan die slagoffer se gedrag verander, wat 'n uitwerking op hul algemene leefstyl het |
| 3.4 | Misdaadviktimisasie | D | is afkomstig van 'n amptelike bron, soos die polisie, strafregistersentrum of die hof, en kan dus as betroubaar aanvaar word |
| 3.5 | Portuurs | E | die vermoë om iets te doen, byvoorbeeld, om 'n mens se handelinge te verstaan |

(5 × 1) **[5]**

## VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Kriminoloë bestudeer die regsproses en probeer om dit te verduidelik deur te verken waarom sommige tipes gedrag as misdadig beskou word en ander nie.

4.2 Verantwoordelike regering word dikwels met korrupsie verbind.

4.3 Die kriminoloog behoort ook op sy of haar fisieke voorkoms te let.

4.4 Die manier waarop inligting opgeteken of aangebied word, bepaal die effektiwiteit van die navorsing of verslag.

4.5 Viktimologie is 'n belangrike en algemeen erkende studieterrein in Suid-Afrika weens die uitwerking daarvan op die burgers.

4.6 Die emosionele skok wat met misdaadviktimisasie gepaard gaan, beïnvloed nie 'n slagoffer se funksionering nie.

4.7 Die omgewing waarin mense in interaksie tree, is 'n faktor wat tot slagofferkwesbaarheid bydra.

4.8 Herhalende viktimisasie kan ook verwys na 'n voorwerp of 'n plek wat meer as een keer gedurende 'n beperkte tyd geviktimiseer word.

4.9 Statistieke kan nie gebruik word om die doeltreffendheid van misdaadvoorkomingsprogramme te evalueer of met die identifisering van ander probleemareas behulpsaam te wees nie.

4.10 Hoewel die konsep van misdaadvoorkoming en -beheer omvattend is, het albei ten doel om misdadige gedrag in die samelewing te voorkom en te verminder.

(10 × 1) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

## VRAAG 5

5.1 Spesifiseer vyf sogenaamde roetineaktiwiteite wat met die bestudering van misdaad verband hou. (5)

5.2 Noem VYF roetineaktiwiteite wat slagofferkwesbaarheid verhoog. (5)

5.3 Verduidelik hoe persepsies van korrupsie die aanmelding van misdade beïnvloed. (5)

5.4 Beoordeel die geografiese en infrastruktuurbeperkings wat 'n uitwerking op die aanmelding van misdaad kan hê. (5)

(5 × 4) **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C

## VRAAG 6

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae.

**INWONERS LEEF IN VREES VIR BENDELEDE**

Die township Bekkersdal aan die Wes-Rand word deur bendegeweld geteister. Daar is boonop geen spoedige uitkoms vir die inwoners nie, nadat hulle na bewering ingelig is dat hulle slegs hulp sal kry wanneer polisie hul personeel in Maart volgende jaar vermeerder.

Volgens die gemeenskapsleier Thabang Wesi het die plaaslike polisie hulle ingelig dat hulle moet wag vir die ontplooiing van 29 ekstra polisiebeamptes in die township om bendelede wat amok maak en mense aanval, te hanteer. 'Tot dusver vandeesmaand alleen is meer as drie mense gewelddadig doodgemaak en ons word gedwing om reeds vanaf 18:00 binnenshuis te bly. Die mense sal uitgewis word totdat polisie volgende jaar ontplooi word.

'Maart is te ver weg en ons het daagliks beskerming nodig. Ons versoek die Minister van Polisie en die Nasionale Kommissaris om 'n groot kontingent polisie te ontplooi, soos hulle met die verkiesing gedoen het, en toe ons op dienste aangedring het.'
'Ons vermoed dat die aanvalle 'n kwessie van sabotasie is deur sommige politici wat hierdie bendes befonds.'

'Hierdie monsters maak ons mense dood en moet gearresteer word. Ons wil nie hê mense moet die reg in eie hande neem nie.' Twee weke gelede het Ernest Diphikwe, 42, weens veelvuldige steekwonde gesterf nadat hy aangeval is terwyl hy tuis was. Hy is sewe keer in die bolyf gesteek en het op die toneel gesterf. Op Vrydag om 18:00 is Thabiso Nkisting, 14, ook doodgesteek, na bewering deur 'n groep gewapende jong mans.

Op Sondag het Lebogang Molape en haar gesin 'n yskas en klerekas as skilde agter toe deure gebruik om te keer dat 'n groep gewapende mans hul huis bestorm.
Polisiewoordvoerder luitenant-kolonel Lungelo Dlamini het sake van moord, poging tot moord en brandstigting bevestig. Hy het gesê bendes was vermoedelik betrokke. Hy het die volgende bygevoeg: 'Polisie in die gebied is in kontak met gemeenskapslede om die misdaadsituasie te bespreek en het verskeie vergaderings gehou. Indien daar besorgdheid bestaan oor hulpbronne in die gebied, sal die polisiebestuur na die situasie kyk om dienslewering te verbeter.

[Vertaal uit: *Sowetan Live,* 29 November 2014]

6.1 In watter township leef die gemeenskap in vrees? (1)

6.2 Wie is die gemeenskapsleier in daardie township? (1)

6.3 Hoeveel mense is na bewering doodgemaak? (1)

6.4 By wie moet die gemeenskap aansoek doen vir die ontplooiing van 'n groot kontingent polisie? (2)

Kopiereg voorbehou 

6.5 Identifiseer TWEE slagoffers van bendegeweld in die township. (2)

6.6 Ontleed hoe slagoffergeoriënteerde dienste herhaaldelike viktimisasie kan voorkom. (10)

6.7 'n Ondersoek na die slagoffer-oortreder-verwantskap kan bydra tot die verhoogde doeltreffendheid van 'n misdaadondersoek.

Noem slegs DRIE vrae wat dikwels gevra word. (3)

6.8 Assesseer omgewingsfaktore wat tot die kwesbaarheid van viktimisasie bydra. (10)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 7

Bespreek 'n geskikte misdaadvermindering- en misdaadvoorkomingstrategie en -program. (20)
**[20]**

**OF**

## VRAAG 8

8.1 Verduidelik die verband tussen sielkunde en kriminologie. (10)

8.2 Verduidelik die gebruik van dokumente as 'n bron van inligting. (10)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou